

SHOPEFIELD

Uitgawe 2

**JUFFROU
ANIEN NA
VSA**

A BITTERSWEET
GOODBYE

**HSH
SPOTLIGHT**
A LOOK INTO
THE STARS OF
HSH

**BRIDGE
BUILDING**
CONNECTING
MORE THAN
JUST IDEAS

**MNR & MEJ
HSH**
CROWNS,
CONFIDENCE
AND
COMPETITION

"There's no way
around hard work.
Embrace it. You have
to put in the hours
because there is
always something you
can improve on."
- Roger Federer

www.hshopefield.com



3 5 4 6 8 9 5 0 1 8 7 8 4

CONTENTS

Reverse Day.....	3
Artscape.....	4
Youth Evening.....	5
Sokkie.....	6
Waarderingsweek.....	7
Mnr & Mej HSH.....	8
Huis Eureka.....	11
Brugbou.....	12
Hokkie.....	13
Netbal.....	16
Rugby.....	19
Skaak.....	22
HSH Spotlight - Jancke..	23
Juffrou Anien.....	24



REVERSE DAY

CARLA CONRADIE – GRADE 12 REVERSE DAY TURNS THE SCHOOL UPSIDE DOWN

Instead of dragging ourselves out of bed just before sunrise, learners were allowed to sleep in and only arrive at school at the unusual time of 12:00 on Reverse Day – a day far from an ordinary school day. For one day only, the school schedule was completely flipped around. School ended at 19:00 instead of 14:00, and perhaps the best part for many learners was that there was absolutely no schoolwork involved. Instead, every grade rotated through a variety of fun activity stations set up around the school.

One of the most exciting stations was the “Who Becomes a Millionaire” quiz in the school hall. Representatives from each class tested their knowledge in four categories: academic, culture, sport, and general knowledge. Learners’ competitive spirit practically roared through the hall as classes cheered on their representatives in hopes of winning the “sweet” prize.

To cool off from the afternoon heat, learners also had the chance to visit the school swimming pool. The relaxed atmosphere around the pool made it one of the favourite stops of the day.

Another creative station involved making paper boomerangs. Learners folded and designed their own boomerangs before testing them on targets to see whose creation flew the best. Nearby, the quad was filled with laughter, music, and an overall cheerful atmosphere during games of hand tennis, while the volleyball station on the grass brought out everyone’s competitive side.

The day ended on a high note with a school-wide sokkie where learners from all grades came together to dance and enjoy the final hours of Reverse Day before heading home. Although having the usual school routine turned upside down normally sounds like a recipe for disaster, our teachers and staff somehow managed to turn it into one of the most enjoyable school days of the year.



MATRIEKS UITSTAPPIE NA ARTSCAPE


MARITZA HARMSE - GRAAD 12

Die matriekleerders van Hoërskool Hopefield het die geleentheid gehad om Artscape in Kaapstad te besoek om die drama Krismis van Map Jacobs te gaan kyk. Die uitstappie het deel gevorm van hul Afrikaansstudies en het leerders die kans gebied om die voorgeskrewe drama deur Adam Small op 'n heel ander manier te ervaar as net binne die klaskamer.

Die produksie het die verhaal van Map Jacobs op 'n emosionele wyse tot lewe gebring deur sterk vertolkings, treffende dialoog en indrukwekkende spel deur die akteurs. Deur die drama eerstehands te beleef, kon leerders die karakters en temas in die verhaal beter verstaan. Baie leerders het gevoel dat die opvoering hulle gehelp het om die emosies en uitdagings waarmee die karakters worstel, dieper te ervaar.

Die uitstappie was nie net waardevol vir die leerders se akademiese ontwikkeling nie, maar het ook vir die matriekgroep die geleentheid gebied om kwaliteittyd saam deur te bring buite die skool. Vir baie leerders was dit hul eerste ervaring van 'n produksie by Artscape, wat die dag nog meer spesiaal gemaak het.

Die besoek aan Artscape was terselfdertyd leersaam en vermaaklik en het leerders se waardering vir Suid-Afrikaanse teater en letterkunde verder verdiep. Dit is ervarings soos dié wat leer meer betekenisvol maak en wys dat letterkunde nie net op papier bestaan nie, maar werklik tot lewe kan kom. En hoewel die eksamens om die draai is, is daar sekerlik meer as 'n paar leerders wat nie sou omgee vir nóg 'n uitstappie na Artscape nie.



YOUTH EVENING

NIENA VILJOEN AND KEORATILE MONNANYANE – GRADE 10 AND 11

Learners from Hopefield High School attended an inspiring youth evening on the 14th of April, where the theme of the night was centered around the fruit of the Spirit. The evening encouraged learners to embrace who they are while striving to reach their full potential. Through meaningful discussions, learners were reminded of the importance of supporting one another during their formative years. The event provided an opportunity for learners to grow in their faith, alongside their peers, creating an atmosphere of entertainment, laughter and spiritual growth.

Building on the message of faith and spiritual growth, the evening continued with a vibrant youth game night that fostered fellowship and reflected the values of the fruit of the Spirit. Everyone enjoyed games like “Do You Know Your Bible?”, “Find the Verse,” and “Guess the Song,” creating laughter and unity among everyone. The night ended beautifully with heartfelt praise and worship, leaving everyone spiritually refreshed and encouraged to continue spreading the word of God.



“But the fruit of the Spirit is love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, gentleness and self-control.” - Galatians 5:22-23



SOKKIE

MELISSA RUST – GRAAD 10

“But darling, you need music to dance, not a partner.”

En dit is presies hoe Hoërskool Hopefield se leerders die tweede kwartaal afgeskop het.

Ons toegewyde VRL-span het ‘n sokkie aangebied waar leerders die vakansiegees kon voortsit en sommer die laaste bietjie eksamenstres van die eerste kwartaal kon uitdans.

Dit was besonders om te sien hoeveel moeite gedoen is om selfs iets so eenvoudig soos ‘n sokkie in ‘n spesiale geleentheid vir die leerders van HSH te omskep. Van die musiek tot die atmosfeer was alles daarop gemik om ‘n aand vol pret en goeie herinneringe te skep.

Met groot entoesiasme het leerders die dansvloer ingevaar en hul beste danspassies uitgehaal. Die dansvloer was deurentyd vol, danksy die ritmiese en gewilde liedjies wat een na die ander gespeel het. Daar was geen tekort aan lag, energie en onvergeetlike oomblikke nie, en dit was duidelik dat almal die geleentheid ten volle geniet het.

By HSH dans ons nie net nie – ons dans totdat ons voete ingee en skep herinneringe wat nog lank ná die laaste liedjie sal voortleef.



WAARDERINGSWEEK

KATRYN DIXON – GRAAD 12

“Appreciation can make a day, even change a life. Your willingness to put it into words is all that is necessary.” – Margaret Cousins

Om waardering te toon is so eenvoudig, maar tog doen ons dit dikwels te min. Van 20–24 April het HSH Waarderingsweek gevier. Die akademiese komitee het die leiding geneem in die reël van hierdie besondere week.

Ons het die week op Maandag afgeskop deur die hart van ons skool te waardeer – die mense wat die gange met lewe vul en van ons skool ’n ware tuiste maak: die leerders.

Dinsdag was dit die busbestuurders se beurt – die mense wat elke dag seker maak dat meer as die helfte van ons skool veilig by die skool uitkom en weer huis toe gaan. Elke bestuurder het ’n klein geskenkie ontvang as teken van ons dankbaarheid.

Woensdag het ons die koshuistannies en snoepietannies waardeer – die tannies wat altyd ’n glimlag op iemand se gesig bring en met warmte en sorg bydra tot die skoolgemeenskap. Hulle het ook elkeen klein geskenkies ontvang om net ’n bietjie van ons waardering te wys.

Donderdag was dit die A-span se beurt – die mense wat daagliks hard werk om seker te maak dat ons ’n skool het waarop ons trots kan wees.

En laastens, maar beslis nie die minste nie, het ons ons onderwysers waardeer – die mense wat elke dag in die toekoms belê deur drome aan te wakker en ’n beter môre vir leerders te help vorm.

Daar is nog soveel mense vir wie ons dankie kan sê vir alles wat hulle doen. Daarom is die uitdaging eenvoudig: gaan uit en sê vir iemand jy waardeer hulle, want jy weet nooit watter verskil dit in hul lewe kan maak nie.



MNR EN MEJ HSH 2026

EVA DANIELS EN ANYA NEL – GRAAD 10

Opgewondenheid en afwagting het soos vlinders in my maag rondgedans nog voordat ek my plek in die Pinterest-versierde saal ingeneem het. Die aand was 'n fees vir die sintuie – helder ligte, opwindende musiek en 'n gehoor wat behoorlik die dak laat lig het. Die finaliste het die aand afgeskop met 'n energieke openingsdans, waarna hulle in hul stylvolle informele drag die verhoog betree het.

Die kreatiewe afdeling was waar die poppe behoorlik aan die dans gegaan het. Elke finalis moes 'n tipe materiaal uitbeeld, en die uitrustings het die gehoor behoorlik sprakeloos gelaat. Tussen die afdelings deur het talentvolle sangers en dansers die gehoor vermaak en die energie hoog gehou.

Een van die grootste hoogtepunte van die aand was beslis die formele drag-afdeling. Die finaliste het met selfvertroue, grasia en koppe omhoog oor die verhoog gestap en die gehoor stomgeslaan. Hulle het nie net hul uiterlike skoonheid ten toon gestel nie, maar ook hul persoonlikheid, kreatiwiteit, selfvertroue en durf. Dit was juis hierdie eienskappe waarop die beoordelaars hul besluite gegrond het.

While the audience saw polished smiles and perfect poses, backstage told a completely different story.

Contestants rushed from one side of the venue to the other. Backstage helpers touched up makeup at lightning speed while hairspray filled the air and heels clicked frantically across the floor. Dresses were zipped, ties were fixed, and everyone tried to calm their nerves before stepping into the spotlight.

For the first time in Mr & Miss HSH history, one contestant fell down the backstage stairs in the middle of the chaos. Although the incident shocked everyone for a moment, the contestant quickly recovered and continued preparing for the show like a true professional.

Another dramatic moment unfolded when a contestant's dress suddenly tore minutes before appearing on stage. Panic spread backstage, along with safety pins, needles, and last-minute fashion fixes. Despite the stress, the contestants and organizers worked together to ensure that the show remained a success.

Toe die vrae-en-antwoord-afdeling aanbreek, was dit 'n mengelmoes van humor, slim antwoorde en inspirerende menings wat gewys het dat die finaliste ware rolmodelle was.

Die finale kroonooimblik was gevul met emosie, vreugde en trots – 'n oomblik wat nog lank in die geheue van die HSH-gemeenskap sal voortleef.



**Ons winners van Mnr.
en Mej. HSH 2026 was:**

Mnr. HSH
Tiaan Kleynhans

Mej. HSH
Nika van Schalkwyk

Eerste Prins
Adriaan Coetzee

Eerste Prinses
Izabella Schnetler

Tweede Prins
Hugo Lourens

Tweede Prinses
Eva Daniels

Mnr. Persoonlikheid
Anton Roestorff

Mej. Persoonlikheid
Izabella Schnetler

Mnr. Fotogenies
Glaysan Joseph

Mej. Fotogenies
Nika van Schalkwyk

Mnr. Debutant
Tiaan Kleynhans

Mej. Debutant
Nika van Schalkwyk





FUN AT HUIS EUREKA

KEORATILE MONNANYANE – GRADE 11

Girls at the Eureka Hostel turned a stormy afternoon into a memorable evening during a lively games night. Heavy rain and strong winds kept everyone indoors, but spirits remained high as teams competed in the popular game 30 Seconds. Laughter echoed through the hostel as players raced against time to guess clues. The girls said that the event brought everyone together and created a warm atmosphere despite the gloomy weather outside.

However, fun at Huis Eureka does not stop there. Glamour, passion, fashion, and fun – we do it all! The hostel girls took to the runway, showcasing not only their hidden modelling talents but also their unique personalities. With confidence and bright smiles, contestants strutted down the runway while the entire hostel cheered them on with excitement and enthusiasm.

But, as with any competition, there had to be winners. Congratulations to Alutum and Andrea, who were crowned the winners of the Huis Eureka Runway 2026. One thing is certain – Victoria's Secret would not be running out of models anytime soon!

Moments like these are what make Huis Eureka more than just a hostel – it is a home filled with laughter, energy, and unforgettable memories.



HOPEFIELD BRAND NIE BRÛE IN KAAPSTAD NIE

JUANDRE CORRIE – GRAAD 12

Op 9 Mei 2026 het die Hopefield-span hul reis na Kaapstad aangepak om aan die jaarlikse SAICE brugboukompetisie deel te neem. Hulle het die oggend spandeer aan bouwerk en die middag eers klaargemaak. Behn Shepard, Ruben Wesson en Juandre Corrie was die enigste span wat Hopefield verteenwoordig het en het 'n uitstekende 6de plek uit 39 skole behaal (insluitend groot name soos Bishops en Brackenfell).

Die SAICE brugboukompetisie toets leerders se vermoë om 'n liggewig brug te ontwerp en te bou wat so sterk as moontlik is. Spanne kry beperkings op materiaal, tyd en afmetings, en hul brug word later getoets deur gewigte daarop te plaas totdat dit breek, om te bepaal hoeveel las dit kan dra.

Volgens toeskouers het die span “Herculean confidence” gehad wat beide die brug en die groep omring het. Die houtbrug, wat slegs 300g geweeg het, het tot 55kg gedra en is met hoop, genade, superglue en ware Hopefield-guts aanmekaar gesit.

Die “Von Snyman” het toeskouers op die punt van hul stoele gehad en het belowe om volgende jaar soos 'n yster terug te keer en Juffrou Antonette nog trotser te maak.



HOKKIE

JOHANNÉ VISAGÉ – GRAAD 11

Die hokkieseisoen het hierdie kwartaal op 'n hoë noot afgesluit, met al ons spanne wat sterk vertonings teen Somerset-Wes gelewer het. Spanwerk, deursettingsvermoë en toewyding was dwarsdeur die kwartaal duidelik sigbaar.

Met talle wegwedstryde het spelers baie tyd saam deurgebring – van vieruur-opstaan in die oggend en lang busritte tot die vele opwarmingssessies voor wedstryde. Hierdie ervarings het nie net spangees versterk nie, maar ook nuwe vriendskappe en hegte bande gevorm.

'n Groot gelukwensing gaan aan Ave Khuselo, Boka Manyokole, Robin-Lee Leticia, Zoë Horn en Mtha Khuselo, wat deurgedring het na die volgende rondte van Boland-hokkie proewe. Dit is 'n besondere prestasie, en HSH is ongelooflik trots op julle.

Hokkie gaan egter oor meer as net wen. Dit leer spelers die waarde van dissipline, respek, uithouvermoë en samewerking – eienskappe wat hulle ook buite die speelveld sal bybly.

Dankie aan elke speler, afrigter en ondersteuner wat hierdie seisoen so besonders gemaak het. Julle harde werk, passie en toewyding het verseker dat dit 'n seisoen vol trotse oomblikke en kosbare herinneringe was.







HSH NETBALL: ON FIRE!

ALMARI VAN NIEKERK - GRAAD 11

As the second term comes to a close, we can celebrate a truly incredible start to HSH's netball season! It is amazing to see how well the teams are progressing, growing, and getting stronger together. And they have the results to show for it:

'n Wonderlike geleentheid vir ons netbalspanne was die Donkie-fees by HTS Drostyd vanaf 30 April tot 2 Mei. Hier kon hulle sterk bande bou en as spanne saam ontwikkel, terwyl hulle die HSH-naam hoog gehou het teen top skole. Die resultate was soos volg:

HSH O/14A: Wen 4, Verloor 4, 1 Gelykop
HSH O/15A: Wen 3, Verloor 3
HSH O/16A: Wen 3, Verloor 2, gevolg deur 'n verloor in die Semi-Finaal. Eindig 3de.
HSH O/19B: Wen 5, Verloor 1, gevolg deur 'n verloor in die Finaal teen O/19A's. Eindig 2de.
HSH O/19A: Wen 4, Verloor 2, gevolg deur 'n verloor in die Finaal. Eindig 2de.

When asked what quote inspired them the most through their games, the following first team girls had stellar choices:

Lauren Blaauw: Colossians 3:23, "Whatever you do, work at it with all your heart, as you are working for the Lord, not for men."

Léancke Nieuwenhuis: Psalm 46:5

Mia Carolus: Phillippians 4:13, "For I can do all things through Christ who strengthens me"

Verder het die normale seisoen uitstekend gevaar, met naelbytwedstryde teen Melkbosstrand, taai wedstryde teen Bellville, onvergeetlike oomblikke onder die ligte teen Milnerton, en intense wedstryde teen Piketberg en Dirkie Uys. Wat 'n kwartaal! Welgedaan, meisies!

Then there are our West Coast and Western Cape girls – exceptional, groundbreaking shooting stars that displayed talent throughout vigorous trials. The names are as follows:

West Coast teams
o/14 Annabelle van Rooyen
o/15 Ilé de Beer
o/16 Ariana Veotte
o/17 Lauren Blaauw
o/18 Lienke Nel

Then we have our awe-inspiring girls that qualified for the Western Cape team. This is an extremely challenging achievement, and we applaud them for their hard work and dedication:

*o/16 Anya Nel

*o/18 Mia Carolus

Met al hierdie wonderlike netbalnuus is een ding verseker: HSH se netbal is aan die BRAND!





HSH RUGBY

WIKUS REDELINGHUIS – GRAAD 12

Dit is 'n groot eer om jaar na jaar die kans te kry om vir Hoërskool Hopefield se o/19A- rugbyspan uit te draf – soos 'n rugbybal wat van speler tot speler aangegee word, word trots, tradisie en verantwoordelikheid ook van een groep na die volgende oorgedra.

By Hoërskool Hopefield is rugby diep verweef met die skool se kultuur en trots, met die o/19A-span wat gereeld teen sterk mededingers in die streek te staan kom. Die span begin mekaar al hoe beter verstaan en bou week vir week aan 'n spelstyl waaraan hulle as groep identiteit kan gee. Met elke oefensessie en wedstryd groei die selfvertroue, word die samewerking sterker en kom die span al hoe nader aan die groot uitdaging van Interskole teen Vredendal.



HIGHLIGHTS OF THE TERM

HLONELA NDELENI– GRADE 10

Our u/16A team was selected as the best team of the season, having shown exceptional dedication, teamwork, and determination throughout every match. The players trained consistently, remained disciplined, and never gave up, even in the most challenging games.

Their strong communication and support for one another played a key role in their success, helping them achieve outstanding results on the field. In addition, they consistently displayed excellent sportsmanship and represented the school with pride, respect, and commitment both on and off the field throughout the season.

They have truly embodied what it means to be a Hopefielder. Keep it up, boys!





SKAAK

KRISTINA JONKER - GRAAD 10

Doodse stilte. 'n Sweetdruppel loop by 'n voorkop af, oë vasgenael op die skaakbord. Een verkeerde skuif en dis verby, maar die regte skuif kan die hele spel wen.

Dit was 'n groot kwartaal vir ons skaakspelers, en hulle het elke kompetisie met presisie en fokus aangepak. Elke sekonde en elke skuif het 'n verskil gemaak. Rondte na rondte, deur stresvolle situasies of vinnige oorwinnings, het hulle gewys hoeveel hulle reeds al geleer en verbeter het.



A few of our players deserve special congratulations:

Mischke Schoeman, Daniel Lu and Shaundre Lewaks all made the West Coast chess team with their rock-solid strategy. We are incredibly proud of you guys, and your hard work has truly paid off.

Of course, none of this would have been possible without Miss Marli. Her dedicated support and guidance have played a key role in the development of each of our chess students, and her contribution is greatly appreciated.

Ons sien uit na nog 'n kwartaal van skaak. Die borde is dalk nou eers weggesit, maar die spanning van daardie laaste skuif en die gevoel wanneer 'n strategie uiteindelik uitwerk, sal nog lank onthou word.

HSH PLAAS DIE SPOTLIGHT OP... JANCKE SMIT

SHEZELLE BURGER – GRAAD 11

Wie het Ella Langley, bekend vir haar vertolkings van Fleetwood Mac-liedjies, nodig wanneer Hoërskool Hopefield reeds sy eie sangsensasie het?

Jancke Smit, 'n graad 11-leerder met 'n passie vir alles musikaal en 'n stem van suiwer goud, laat oral waar sy optree 'n blywende indruk. Met haar engelstem het sy reeds Hoërskool Hopefield op internasionale vlak verteenwoordig in lande soos Spanje, Frankryk, Monaco en Italië.

Sy het ook nie met leë hande huis toe teruggekeer nie. Jancke het eerste plekke in genres soos Rock, Country en Jazz behaal, die toekenning vir algehele wenner by Show Your Talent ontvang, verskeie goue medaljes by Stars of the Universe verower en talle ander prestasies op haar kerfstok. Haar buitengewone talent en toewyding maak haar die perfekte voorbeeld van hoe Hopefielders die gewone dinge buitengewoon doen.

Ons is ongelooflik trots op Jancke en sien reeds daarna uit om haar eendag op ons Spotify-snitlyste te hoor.

Ons het met hierdie toekomstige ster gesels om meer te hoor oor haar passie vir musiek en haar drome vir die toekoms.

Wanneer het jou passie vir sang ontwikkel?

Ek het van kleins af 'n passie vir musiek gehad. Al speel ek nie regtig instrumente nie, kan ek ure lank daarna luister. My hele familie is musikaal, daarom was musiek nog altyd deel van my lewe. Veral sang wat my in staat stel om myself uit te druk sonder om alles in woorde te hoef omskryf. Dit is my veilige hawe en ek weet nie waar ek sonder dit sou wees nie.

Is daar 'n spesifieke plek of verhoog waarop jy nog graag wil optree?

As ek op enige verhoog in die wêreld kon optree, sou dit beslis Teatro La Fenice in Venesië, Italië, wees. Hoewel dit veral vir opera bekend is, sal ek graag daar wil optree vanweë die asemrowende skoonheid en die besondere aandag aan detail.

Het jy 'n boodskap vir kinders wat ook hul drome van sang wil nastreef, maar dalk huiwerig is?

My boodskap is dat geen droom onmoontlik is as jy die regte plan en ondersteuningstelsel het nie. Ek sou nooit kon dink dat ek van my gunstelingplekke 'n die wêreld sou besoek nie, en beslis nie danksy my sang nie. Ek het egter volhard, my beste gegee en altyd onthou wie my so ver gebring het. As jy iets werklik graag wil bereik, moenie toelaat dat enigiets jou keer nie.

Laastens, wat is jou volgende doelwit in jou sangloopbaan?

My volgende doelwit is om vir die SA-span gekies te word wat volgende jaar na Las Vegas of New York gaan reis. Dit is een van my grootste drome om in New York op te tree, en dit sal vir my 'n wonderlike geleentheid wees om nuwe tegnieke aan te leer en verder te groei.

Jancke gaan ongetwyfeld nog groot hoogtes bereik, en ons hou duimvas vir haar toekomstige kompetisies en reise. Jy is 'n ster, Jancke – 'n ware superster!

‘N VAARWEL VOL DANKBAARHEID

AMIKA JOUBERT – GRAAD 10

Juffrou Anien Pieters is 'n besondere lid van die HSH-familie. Dit is met groot hartseer, maar ook opgewondenheid oor die nuwe geleenthede wat op haar wag, dat ons afskeid neem van Juffrou Anien, wat na Amerika verhuis om 'n nuwe avontuur aan te pak.

Juffrou was nie sommer net nog 'n onderwyseres nie. Sy het 'n opregte liefde en passie vir onderrig en was altyd bereid om die ekstra myl te stap om leer interessant en aangenaam te maak. Sy het elke leerder belangrik en gewaardeerd laat voel, en vir baie van ons was sy soos 'n tweede ma.

Hoewel ons hartseer is om haar te sien gaan, is ons ook opgewonde oor hierdie nuwe hoofstuk in haar lewe. Ons weet sy sal ook daar mense inspireer en lewens aanraak, net soos sy dit hier by HSH gedoen het.

HSH gaan beslis nie dieselfde wees sonder Juffrou Anien nie. Ons gaan haar vrolike persoonlikheid, haar aansteeklike entoesiasme en haar woorde van aanmoediging baie mis. Die herinneringe wat sy geskep het en die verskil wat sy in soveel leerders se lewens gemaak het, sal egter altyd voortleef. Ons deel graag 'n paar hartswoorde van leerders:

Namens die hele matriekklas wil ons net baie dankie sê vir alles wat Juffrou vir ons beteken het. Dankie vir Juffrou se geduld, harde werk, ondersteuning en al die moeite wat Juffrou elke dag ingesit het om ons nie net Toerisme te leer nie, maar ook om altyd in onself te glo.

Juffrou se passie en entoesiasme het elke klas spesiaal gemaak, en die herinneringe wat ons saam gemaak het, sal ons altyd bybly. Dit is moeilik om totsiens te sê aan iemand wat so 'n groot invloed op ons skooljare gehad het. Ons wens Juffrou net die beste toe vir die nuwe hoofstuk wat voorlê. Mag daar groot sukses, geluk en nuwe avonture op Juffrou wag. Dankie dat Juffrou deel was van ons matriekjaar en van ons lewens.
-Cristy Gillespie

Juf Anien, I just wanted to say thank you before you head off overseas. You made Tourism way more bearable and actually kind of fun, and it did not go unnoticed how much effort you put in and how much you cared that we understood it. It sucks that you are leaving, but I am really glad you are getting to chase this opportunity, and I know you will do great wherever you end up. We are going to miss having you around. But good luck, have an amazing time abroad, and do not forget about us!
-Leah Radyn

Die ding wat ons die meeste van Juffrou gaan mis is die entoesiasme waaree Juffrou klasgee. Ons kon altyd sien dat Juffrou 'n opregte liefde en passie vir Toerisme en Afrikaans het.
-Jaydee Terblanche Brewis

Sterkte met hierdie nuwe begin, Juffrou Anien. HSH gaan Juffrou baie mis, maar ons wens Juffrou alle voorspoed en geluk toe op die pad vorentoe.

DIE V.S.A. VERWELKOM JUFFROU ANIEN!

-BIANCA PIETERS

Liewe HSH



Met swaar harte neem ons afskeid van my ma, Juffrou Anien, wat 'n heel nuwe hoofstuk begin – een wat nie net ons gesin se lewens vir altyd sal verander, maar ook die HSH-familie.

Sy was nog altyd meer as net 'n onderwyseres; sy was 'n lig vir haar leerders en 'n anker vir ons gesin. Nou pak sy haar drome in haar tasse en vertrek na die Verenigde State van Amerika, saam met ons—haar familie, haar hart.

Hierdie skuif is nie maklik nie. Ons laat herinneringe, vriende en bekende plekke agter, maar ons glo dat hierdie nuwe avontuur elke opoffering die moeite werd sal maak.

As haar kind voel ek trots, maar ook bang en onseker. Alles wat bekend is, gaan verander. Tog weet ek dat waar sy ook al gaan en ons gesin saam is, sal liefde en krag volg.

Juffrou Anien was nog altyd vir my 'n rolmodel, nie net omdat sy my ma is nie, maar omdat sy my daaglikse opbou, ondersteun en inspireer. Sy het my geleer om op te staan vir wat reg is en om altyd getrou te bly aan dit wat ek weet waar is.

Al verlaat Juffrou Anien nou die gange van HSH, sal haar nalatenskap voortleef in die lewens van die talle leerders en kollegas wat sy deur die jare aangeraak het. Sy gaan nie net 'n nuwe land ontdek nie – sy gaan ongetwyfeld ook daar mense se lewens verryk.

En ek? Ek stap saam, met hoop in my hart en haar hand styf in myne.